

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 November 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 72:6, 7 (p. 361)

- 6 Ek sien al vorste, ryk en magtig, / wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig / Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstoteling, / die wat geen helper het –
die stilverloorne en geringe – / sal Hy verhoor en red.
- 7 Hul roep: dit is vir Hom die tyding: / sy arm is al gereed;
vir hul is daar by Hom bevryding / uit alle nood en leed,
Dreig daar geweld van alle sye, / al gaan dit nog so hoog,
hul bloed, hul tranes en hul lye / is dierbaar in sy oog.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 93:1, 4 (p. 470)

- 1 Die HEER regeer. Die kleed van heerlijkheid / wat Hom omstraal, is enkel majesteit.
En deur sy krag, wat enkel triomfeer, / hou alles stand, dit wankel nimmermeer.
- 4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

Psalm 130:3, 4 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

Skriflesing: Job 9:27-35; 16:18-17:9; 19:25-29

Kernverse: Job 19:25

Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.

(Job 19:25 AFR53)

Tema: Christus, ons vashouplek van sekerheid en hoop

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, Job het in sy worsteling om die verborge deel van God se wil te verstaan aan die Here bly vashou. Aanvanklik, toe die een ramp op die ander Job pas getref het, het Job styf vasgegryp aan die HERE sy Verbondsgod, want God het Hom ook aan Job verbind in die verbond. Daar aan die begin kon Job so styf vashou, juis omdat God hom eerste vasgehou het.

Die Here het ons van daardie eerste ontmoeting met Job verder begelei om te sien hoe 'n gelowige met waarom-vrae behoort te worstel. Maar dit is nie al wat Hy ons laat sien het nie. Ons het ook gesien dat Job nie die hele tyd so styf kon bly vashou nie. Sy hande het plek-plek gegly omdat sy swaarkry vir hom in stadiums so erg geword het dat hy vergeet het God is onveranderlik.

Geliefdes, as daar een ding is wat ons tog nooit moet vergeet nie, veral wanneer 'n mens in benoudheid raak, is dit dat God onveranderlik is. As die Here Homself in sy verbond eenmaal aan 'n mens verbind het, bly Hy altyd aan die mens verbind. In die Here se antwoord waarna ons in die voorbereiding vir die nagmaal geluister het, het ons dit gehoor: die Here het nooit vir Job vergeet of verlaat nie. Selfs toe dit nagdonker was rondom Job en hy nie die Here se hand om hom gevou kon voel nie, was die Here by hom en het die Here vir Job vasgehou. Geloof is immers nie om God in die donker te sien nie, maar om te weet en te vertrou dat Hy daar by jou is en jou vashou omdat Hy so sê.

Hoewel Job se hande plek-plek gegly het gedurende sy worsteling, het hy die Here nie een keer gelos nie. En dit het ook gebeur omdat die Here nie vir Job gelos het nie. Met baie van ons gebeur dit ook dat ons geloofshande gly wanneer ons in 'n geloofstryd is. En al laat die Here ons baie maal eers aan die einde van so 'n geloofstryd beseef dat Hy nog healtyd by ons was, is dit nie eers dan wanneer Hy aan ons die versekering van sy nabyheid gee nie. Regdeur die worsteling is die Here besig om daardie versekering stelselmatig en drupsgewys vir ons te gee. Kom ons luister hoe die Here vir Job hierdie versekering so stelselmatig en druppel vir druppel gegee het.

Sommer in die eerste rondte gesprekke (Job 4:1-14:22) tussen Job en sy drie vriende het dit gebeur. Toe Job maar pas in die dieptes van bedruktheid en wanhoop gekom het, het die Heilige Gees al vir Job hierdie geloofsuitsprake laat maak:

Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie.
(Job 9:33 AFR53)

Hierdie woorde in Job 9 kan ook so vertaal word: **Ag, was daar maar 'n skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê.** Hierdie woorde druk 'n wens van Job uit. As gevolg van die swaarkry sien Job die kloof tussen homself en die Here baie duidelik raak. Self kan hy nie sy saak aan die Here bly stel nie, want hy sal nie in 'n hofsaak op die Here se vrae kan antwoord nie. Hy kan ook self niks doen nie. Om homself met sneeu te was, sal niks help nie. As daar dan maar net 'n skeidsregter kan wees wat onpartydig tussen hom en God kon oordeel. 'n Sprankie hoop het vir Job deurgebreek, maar hyself het nog gesukkel om aan hierdie verlange na 'n skeidsregter stywer vas te hou. Want net na hierdie geloofsroep van Job sak hy weer terug in die donker dieptes van wanhoop (vgl. Job 10:1 e.v.).

Broers, susters en kinders, wanneer God se kinders in hulle worsteling so in wanhoop in teruggly soos wat dit met Job gebeur het, raak die Here nie moedeloos nie. Hy gee nie op omdat ons sukkel om die werklikheid van sy nabyheid raak te sien nie. Die Heilige Gees

gaan bloot voort met sy werk in Job. Hy wêk die verlange na 'n skeidsregter sterker in Job op. Wanneer die tweede rondte gesprekke begin (Job 15:1-21:34) is daar by Job nie meer net 'n verlangende wens na 'n skeidsregter nie. Job praat met groter vertroue:

Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes. (Job 16:19 AFR53)

Ondanks alles wat met Job gebeur het en ondanks alles wat sy vriende kwytgeraak het, weet hy dat sy Getuie in die hemel is. God is sy getuie en Hy weet dat Job onskuldig is. Die Heilige Gees het die vroeëre sprankie van hoop na 'n sterker sekerheid van hoop laat aangroei. God is naby Job; Hy is sy Getuie in die hemel.

Die sekerheid van hoop het so sterk by Job aangegroei dat hy selfs tot die Here kan bid:

Staan borg vir my by U; wie anders sal vir my borgskap verleen?

(Job 17:3 AFR53)

'n Borg is al meer as 'n skeidsregter en 'n getuie. 'n Skeidsregter staan eenkant en oordeel tussen twee persone wat in 'n saak met mekaar betrokke is. 'n Getuie getuig in 'n saak vir 'n ander persoon en staan ook nog so half eenkant. Maar 'n borg staan nie eenkant nie; hy kom staan in die persoon se plek vir wie hy 'n borg is. Job roep God om vir hom 'n borg te wees by God. Job wil hê God moet voor God self gaan staan in Job se plek. Vir Job is dit die enigste en laaste, maar ook sy hoogste en sekerste hoop. Net God sal Job se saak ten volle by God kan stel.

Hierdie soeke van Job na iemand wat sy saak regverdig voor God kan stel, vind neerslag in ons belydenis in Sondag 5. Luister 'n mens aandagtig na die vrae in Sondag 5, kom 'n mens agter dat daar in die skepping niemand is wat vir ons as 'n verlosser sal kan optree nie, want God wil nie 'n skepsel vir die sondes van die mens straf nie. Dan kom ons tot die ontdekking: As daar in die skepping niemand is nie, bly daar niks anders oor as om by God self 'n verlosser te soek nie. Ons vra dus inderwaarheid dat God self vir ons die skuld sal betaal wat ons by God het. Dit is wat Job ook vra:

Staan borg vir my by U; wie anders sal vir my borgskap verleen?

Na hierdie duideliker ligstraal van hoop gly Job nogeens terug in wanhoop. En dit wil voorkom asof hy nou dieper terugsak as die vorige kere. Hy voel hom nou verlate van almal, selfs van sy naaste familie. Dit is dan in hierdie diepste wanhoop, op die bodem van alle menslike krag en uithou vermoë, dat die Heilige Gees die hoop so sterk in Job laat deurbreek dat hy kan sê:

Maar ek, ek weet: My Verlosser leef. (Job 19:25 AFR53)

Die woord wat ons hier met *Verlosser* vertaal, is die Hebreeuse woord *goel*, 'n lossier. 'n Lossier in die Ou-Testamentiese tyd was 'n kredietwaardige familielid wat vir 'n ander familielid moet instaan. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n familielid as gevolg van armoede sy grond moes verkoop. Dan moet die lossier die grond vir sy familielid terugkoop. Of 'n familielid moes homself in slawerny begewe as gevolg van armoede. Dan moet die lossier sy familielid uit die slawerny vrykoop. 'n Lossier tree dus in vir sy familielid en hy herstel die familielid weer in sy vroeëre posisie.

Job het egter nie sy hoop op 'n familielid gestel om vir hom as verlosser op te tree nie. In sy diepste wanhoop waarvan ons in Job 19 lees, sê hy dan ook dat sy familie hom verlaat het en sy bloedverwante het hom vergeet. Job weet dat sy Verlosser baie meer as 'n mens is; dit is die HERE – sy Verbondsgod. Die Here het Homself mos die Verlosser van sy volk

genoem toe Hy vir Moses gesê het dat Hy Israel uit die slawerny van Egipte sal verlos (Eks 6:6). As Job dan sê: **Ek weet: My Verlosser leef**, het hy die Here van die verbond in gedagte omdat hy vir die Here gevra het om vir hom borg te staan by die Here self.

Deur sy worsteling heen het die Gees van die Here stelselmatig en drupsgewys die sekerheid en hoop in Job se hart ingedrup. In sy wanhoop was hy nooit alleen nie, al het Job alleen gevoel. Job se uitsprake van sekerheid en hoop oor sy vashou aan God is die bewys dat hy nie alleen was nie.

Geliefde broers, susters en kinders, tussen ons leeftyd en Job se leeftyd staan die kruis op Golgota. En met die kruis van Christus op die voorgrond sien ons die woorde van Job is 'n werklikheid. Ons Verlosser leef regtig. Wat vir Job nog net 'n vae beeld was in die skemering van die dagbreek, het vir ons in helder sonstrale deurgebreek. Die Here op wie Job gehoop het en in wie hy sy vertrouwe gestel het, het Homself in Jesus Christus aan ons bekend gemaak as die enigste en volmaakte Verlosser vir hulle wat in Hom glo.

Jesus Christus as ware God en ware, regverdige mens is die skeidsregter wat tussen God en ons kom staan het. Hy is ons Borg wat Homself in ons plek voor God gestel het. En as Borg het Hy nie net ons saak aan God gestel nie, maar ook die straf wat ons moes kry in ons plek gedra en van ons af weggeneem. Op grond van Jesus Christus se sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood is ons wat in Hom glo weer in ons verhouding met God herstel. Ons is kinders van God. Met sy bloed het Christus ons vrygekoop van die slawebande van die sonde.

En nou geliefdes, omdat die Here weet dat dit vir ons mense nie genoeg is om net hierdie dinge te hoor nie, wys Hy dit ook vir ons. Met die tekens van brood en wyn maak die Heilige Gees ons sekerheid en hoop helder sigbaar: Jesus Christus is ons vashouplek in ons worsteling met swaarkry. Mag die Heilige Gees u wat swaarkry met hierdie nagmaal nogeens troos: God het jou nie vergeet of verlaat nie. Mag die Heilige Gees elkeen van ons laat sien dat Jesus Christus ons vashouplek van sekerheid en hoop is en bly tot in ewigheid.

Amen!

Psalm 65:3, 4 (p. 315)

3 Ons sal ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

4 U is tot in die verste lande, / oor velde grenseloos,
tot by die allerverste strande / die mens se hoop en troos.
Die berge 't U van oue tye / gegrondevs deur u mag;
U is omring van alle sye / met wonderbare krag.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:1, 3 (p. 107)

1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Skrifberyming 3-1:2, 3 (51:2, 3)

- 2 Die juk wat swaar op ons gedruk het, / het U met wondermag verbreek.
Die vyande wat ons verskrik het, / verdwyn wanneer u almag spreek:
'n Kind is vir u volk gebore, / 'n Seun het U aan ons gegee –
Die heerskappy is op sy skouer, / met mag en eer is Hy bekleed.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eewige Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 November 2015